Voorwoord

Hierdie bundel teologiese en filosofiese opstelle word aangebied aan professor dr PS Dreyer, hoogleraar in die wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria, ter herdenking van die voltooiing van 'n vyf en twintigjarige verbondenheid aan die Universiteit in die departement Wysbegeerte.

Dat hierdie aanbieding geskied by wyse van 'n jubileumaflewering van 'n teologiese tydskrif wat as rede vir sy bestaan die bevordering van die Bybels-reformatoriese teologie aangee, en dat dit 'n bundel is waarin die teologie en die filosofie tesame ruimte ontvang het, is gegrond in die gestalte en loopbaan van professor Dreyer. Hy is naamlik ook teoloog, gepromoveer in die Godsdiensfilosofie, geordende predikant en jarelange lid van die Algemene Kerkvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Sy publikasies het daarom steeds sowel die filosofie as die teologie omvat, nie in een of ander ineenstrengeling nie maar as twee selfstandige wetenskappe, albei waarvan in hom 'n uitmuntende eksponent gevind het.

Die redaksie is dankbaar dat 'n geëerde voorganger en leermeester van professor Dreyer in die department Wysbegeerte, professor CK Oberholzer, 'n bydrae gelewer het, so ook die promovendi en leerlinge van professor Dreyer wat tans aan sy department verbonde is, naas professor CJG Kilian van die Universiteit van Suid-Afrika.

Vir die redaksie is dit 'n voorreg om hierdie aanbieding te maak aan 'n kollega vir wie se persoon en wetenskaplike vermoë hulle groot agting en waardering het.

Namens die redaksie
JP Oberholzer